

Lekkerbekkie Nuusbrief

8 APRIL 2015 | UITGAWE 95



Inhoud:

- * Kinderstorie: Die bootresies
- * Produk van die week:
NUUT! Storiekaart Junior
- * Inkleurprentjie: Die bootresies

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die bootresies deur Corlie Putter

Jan Seemeeu droom daarvan om op 'n bootjie op die see te vaar. Elke dag hou hy die bootjies op die water dop en dan wens hy hy kon saam met hulle gaan.

“Hoekom wil jy in 'n bootjie ry as jy mos vlieg?” vra die ander seemeeue vir Jan Seemeeu. Nie een van HULLE wil op 'n boot ry nie. Jan Seemeeu steur hom nie aan hulle nie. En toe daar eendag 'n groot bootresies in die baai is, besluit hy: VANDAG IS DIE DAG! Vandag gaan hy ook op die see vaar!

Almal maak gereed vir die bootresies, en sommer gou is daar baie bootjies op die water. Jan Seemeeu het nie 'n boot nie... Wat nou gemaak? Hy stap op en af op die strand. Sy seemeeu-ogies soek oral op die sand na iets wat hy vir 'n boot kan gebruik... Dan sien hy 'n roomys-stalletjie eenkant en kry 'n goeie idee!

Jan Seemeeu vat al sy spaargeldjies en vlieg na die roomys-stalletjie toe. Daar koop hy al die bakkies roomys wat hy kan bekostig. Hy gaan sit op die strand en begin die een bakkie roomys na die ander eet. Hy eet en hy eet... Dis amper tyd vir die boot-resies om te begin. Uiteindelik eet Jan Seemeeu die laaste bakkie roomys leeg!

Vinnig bou hy nou 'n boot van al die leë roomys-bakkies. Eers pak hy hulle mooi langs mekaar in 'n groot vierkant, en dan bind alles stewig vas met vislyn. En raai? Sy plan het gewerk, want die leë-roomysbakkie-boot dryf op die water! “My eerste boot!” roep hy trots uit. Versigtig klouter hy in – net betyds vir die bootresies om te begin.

Die skoot klap en almal spring weg. Jan Seemeeu se bootjie wip vinnig oor die branders. Hy is heel voor! Dit lyk of hy die bootresies gaan wen!

Maar toe hy naby die wenstreep kom, vryf Jan Seemeeu skielik oor sy magie. Hy voel nie meer so lekker nie... Al die roomyse wat hy geëet het skommel rond en bont in sy magie! Hy voel naar. Die bootjies skommel en skud, en arme Jan Seemeeu is nou lekker seesiek!

Die ander seemeeue kan sien daar is fout, en hulle vlieg tot by die bootjie. Nou help hulle vir Jan Seemeeu terug tot op die strand. Hy het nie die bootresies gewen nie. Maar hy gee ook nie so baie om nie. Miskien is dit 'n goeie ding dat seemeeue nie op bote vaar nie.

“Wat gaan jy nou doen?” vra die ander seemeeue toe Jan Seemeeu beter voel.

“Ek dink,” glimlag hy, “ek gaan my eie roomys-stalletjie oopmaak. Dan kan ek soveel roomys eet as wat ek wil! Roomyse is baie lekkerder as bootresiese!” Die ander seemeeue sê maar liewer niks.

Verdien 'n ekstra inkomste in 2015 deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produkt van die week

Ons **Storiekaarte JUNIOR** is hier!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Ons is bitter opgewonde oor ons STORIEKAARTE JUNIOR wat hierdie week tydens die skoolvakansie verskyn! Die stories is geskik vir 2-5 jariges, en anders as ons ander Storiekaarte, het elke JUNIOR-pak met één storie met 8x pragtige A4 illustrasie-kaarte - spesiaal vir ons klein maatjies! Kry nou vir "Deurmekaar Daantjie", "Petrus Plaashond", en "Padda en die brommer" @ slegs R175 (gewone prys R65 elk - spaar R20) by enige AnnaEmm agent – of bestel direk by ons teen die gewone prys. Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Nuwe Afrikaanse stories vir 2-5 jariges!

Ook in Engels!

Splinternuwe stories - elk met 8x volkleur A4 illustrasie-kaarte!

Spesiale aanbod:
Koop al 3 storiepakke @ slegs R175!

Gewone prys R65 elk - spaar R20

Aanbod sluit 13 April!

annaemm
kinderstories

Kontak 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area!

Aanbod sluit 13 April 2015.

Word 'n Anna Emm storie-agent in 2015!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Die bootresies illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za